
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

KYK OP NA JESUS

By Pastor David Gericke

Ons as gelowiges, word in moeilike en stresvolle tye herinner aan **Joh. 16:33: "Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin!"** Wanneer storms opsteek en dreigende wolke ons omring, is dit 'n goeie vers om te bepeins, "Maar hou goeie moed" wat beteken: "Wees sterk en dapper".

Die Hebreeuse woord vir sterk is Chazaq (khaw-zawk), dit is 'n aksie woord wat ons dwing om met determinasie op te tree. **Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon (Jak. 2:17-18).** Hierdie verse sê nie dat ons deur ons werke gered is nie, maar wanneer ons gered is sal die werke vanself volg. Aksie spreek duideliker as woorde!

Ons lees twee stories van Jesus se dissipels in die boot. Eerste: In Matt 8:23 lees ons dat Jesus en die dissipels oor die see van Galilea gevaar het toe 'n storm opgekom het en die boot in gevaar was om te sink en almal kon verdrink; terwyl Jesus aan die slaap was! Die dissipels wat gesoute seemanne was was oorweldig deur vrees. Laat my 'n duidelike waarneming maak; vrees verlam 'n mens fisies sowel as emosioneel, dit beroof ons van krag en hoop en selfs om rasioneel te dink! Uit radeloosheid het die manne Jesus wakker gemaak en by Hom gekla; vrees verskuif die skuld! Jesus bestraf hulle vir hulle ongeloof, Hy maak die storm en golwe stil. Die dissipels is verstom! Hulle roep uit: **"Wat vir 'n mens is Hy? ... selfs die wind en see gehoorsaam Hom!" (V 27).**

Die twede geval, op die See van Galelea, kry ons in Matt 14:28. Hier stuur Jesus die dissipels, sonder Hom, uit op die water. Terwyl hulle vaar het 'n sterk wind begin waai en was hulle in die moeilikheid! Ek dink dat hulle almal begin bid het. Jesus het op die water na hulle toe aangestap gekom en hulle het gedink dat Hy 'n spook was. Hulle was bevrees, maar Jesus het gesê: **"Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie" (V 27).** Petrus het na Hom uitgeroep, uit die boot geklim en op die water geloop, maar toe hy sy oë van Jesus wegneem en na die golwe en see kyk, was hy oorweldig deur vrees en begin sink! Jesus het hom uit die water gelig en in die boot

geplaas. Die dissipels was verstom! Hulle het uitgeroep: **“ Waarlik, U is die Seun van God!” (V 33).** Jesus het gegaan van “wie is hierdie man?” na “U is waarlik die Seun van God!”

In middel 1970 het ek en my vriende besluit om branderplank te probeer ry by ‘n koraalrif wat omtrent 500 meter van die strand uitgestrek het, genaamd Tiffany’s. Ek het ‘n branderplank gehad wat gemaak is vir groot branders van 7’5, omdat ek beplan het om na Hawai te gaan. Ek het slegs die branderplank in klein golwe gery en ‘n paar in groter golwe; niks om trots op te wees nie! ‘n Paar van ons het in ‘n gaotiese oseaan ingeroei. Masiewe wit water, ‘n sterk stroom en dit het gevoel asof elke cm wat ons vorentoe gevorder het , ons meters terug gedryf het. Na wat soos ‘n uur gevoel het, het twee van ons dit gemaak! Die golwe was baie groter as wat dit van die strand af gelyk het. Ek was nie gelukkig omdat dit gelyk het asof die hele see teen ons was! Ek het twee golwe gekry, die een was meer as 4 meter hoog en die twede meer as 6 meter. My branderplank het ongelooflik goed gewerk, dit was waarvoor dit ontwerp was! Dit was stabiel en vinnig en was die regte instrument vir die werk, maar my gemoedstoestand was nie reg nie! Al wat ek kon sien was die onmoontlike en vrees het my beroof van die vrede en vertroue wat ek nodig gehad het om die taak wat ek wou bereik ten volle uit te voer! Ek was fiks, kon my asem ophou vir meer as twee minute en het die regte toerusting gehad. Net soos Petrus het ek egter rondom my gekyk en het die golwe en wind gesien! Dit herinner my aan wat die Here vir Josia gesê het: **“Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan” (Jos 1: 9).** Dit sê; Josia het Ek nie gespreek, vir jou gesê, jou beveel nie! Met ander woorde, Ek het jou my Woord gegee om te gehoorsaam, te volg, te bemoedig, om krag te ontvang! Dit is waar ons geloof begin en eindig – met God se Woord!

Baie jare gelede het my vrou ‘n vrou beraad wat haarself ‘n Christen genoem het, maar haar lewenstyl en gedrag was glad nie goddelik nie. Terwyl my vrou God se Woord met haar gedeel het, het sy vir Dee gesê: “Ag jy is net woord gebonde.” Geskok het my vrou gesê: “en so behoort ons ook te wees ...” God verklaar dat Hy Sy Woord bo Sy naam verhoog. As God se Woord nie ons maatstaf is nie, sal ons heen en weer geslinger word deur elke ander leerstelling! “…Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan. ” Daarom het ons al die regte toerusting om die taak te vervul en om die situasie of omstandigheid in die gesig te staar, waarmee ons moet deel. Ons moet die toerusting (God se Woord) vertrou, deur die Heilige Gees gelei word en nie toelaat dat vrees ons boot laat skud nie!

Een van die grootste gevegte van die denke is “skaamte” Die oomblik toe Adam en Eva die vrug geëet het, het hulle besef dat hulle nakend was! (Gen 3:7) Hulle oë is geopen en hulle het skaam gekry omdat hulle naak was. Daarom het hulle vyeblare geneem om hulleself te bedek. Onskuld is vervang deur skuld en skaamte! Dit het regdeur die eeue gekom en beïnvloed ons almal se lewens op een of ander manier. Ons dank die Here vir Sy Woord, wat sê: “**As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig”**. **(1 Jhn 1:9).** Dit is ‘n waarheid waaraan ons moet vashou, in ons harte moet glo en met ons monde moet bely.

Deur Sy dood het Jesus ‘n nuwe en lewend gewende weg vir ons deur die voorhangsel gegee, tot binne-in die Allerheiligste en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water (Heb 10:20-22). Loof die Here, Hy het dit vir ons gedoen! Ek wil julle vandag bemoedig, dat selfs as iemand anders verantwoordelik is vir die skaamte wat jy voel, bemoedig die Skrif ons om aan God oor te gee en Hom te verheerlik, omdat Hy genees en ons vry maak!(Rom 8:1) Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat aan Christus Jesus behoort nie. Omdat jy aan Hom behoort het die lewe gewende krag van die Heilige Gees jou bevry van die krag van sonde wat tot die dood lei.

Ons is in staat om in God se vrede te wandel… Shalom, hierdie vrede is geesteliike en fisiese vrede. Laat ons na Christus aan die kruis kyk:

1. Doringkroon: Geestelike genesing.

2. Gegesel op Sy rug sowel as van voor: Fisiese genesng.

3. Spykers in Sy hande en voete: Vir ons gebondenhede.

4. Die spies in Sy sy: Geestelike gesondheid.

5. Bloed en water het uitgevloei: Sonder Bloed is daar geen vergifnis van sonde nie (Heb 9.22); Water gewas deur die Woord (Ef. 5.26).

“Om sterk te wees” beteken om te volhard, om elke vrees, probleem, omstandigheid, beproewing en toets te kan weerstaan! Neem beheer oor wanneer jy geval of gestrukel het ... bely, lê dit aan God se voete neer en groei in Hom! **Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. (Heb. 12: 2).**

In Jesus se dae was geloof iets wat jy gedoen het, nie net in jou denke nie, maar in jou daaglikse lewe! Dit is waarom ons aangemoedig word om ons geloof in aksie te bring. Wat jou omstandigheid vandag ookal is, dit sal nie per toeval gebeur nie, dit moet deur ‘n keuse verander!

Chazaq is ‘n oproep om sterk te wees, moed te hou, nie bevrees of ontsteld te wees nie, omdat die Here jou God met jou is waarheen jy ookal gaan.



Skatkis

“Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp” (2 Kor. 10:3-4).

Ons het almal al onmoontlike omstandighede in die gesig gestaar. Dit maak nie saak wat ons sê of doen, hoe ons ons bes probeer deur gesag en wilskrag in te span, nogtans is daar dikwels geen uitwerking nie. Waarom nie? Miskien is dit omdat ons vergeet dat dit 'n geestelike geveg is en dit dus op 'n geestelike manier gedoen moet word.

Eerstens word daar aan ons uit die Woord gesê dat **“die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard” (Heb. 4:12)**. Ons moet die Woord glo en daarop staan en nie op ons eie logika, twyfel en vrees nie. Ons moet hierdie dinge eenkant plaas en die lewende Woord mediteer, wat die krag het om te red en om ons en andere te verander. Vir ons is daar geen groter gesag as God se Woord aan ons nie. Hoe meer ons hierin leef, hoe meer sal dit ons toerus en verander om soos Jesus te word dan sal ons in lyn met Sy Woord bid en volgens Sy wil optree.

Tweedens neem ons ons versoeke na Hom, omdat Hy na ons luister. Hy is die Een wat in ons plek veg! Vra vir Jesus om vir jou wysheid te gee hoe om te bid in jou omstandighede.

En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word (Jak. 1:5).

Trek die volle wapenrusting van God aan soos beveel word in Ef. 6 en staan vas op die rots, Jesus Christus wat reeds die geveg gewen het.

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

“Sy het toe van hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns toegesluit; en terwyl hulle vir haar aanbring, giet sy in. Sodra die kanne vol was, sê sy aan haar seun: Bring vir my nog 'n kan aan; maar hy antwoord haar: Daar is geen kan meer nie. Toe gaan die olie staan” (2 Kon. 4:5–6).

Gooi die Olie

In 2 Konings 4, het dinge so sleg met die arm weduwee gegaan dat die skuldeisers gekom het om haar twee seuns, as betaling vir haar skuld, te vat. Toe die profeet Elisa vir haar gesê het om soveel moontlik kruike te te kry en in elkeen van hulle van die biet-jie olie wat sy gehad het, in te gooi, het geen sin gemaak nie. Toe sy egter gehoorsaam, het die wonderwerk gebeur en het die olie aanhou vloei totdat al die kruike vol was. Sy het die olie verkoop, die skuldeisers betaal en genoeg gehad om van te lewe.

Het God ‘n belofte in jou hart geplaas, maar dit het nie sin gemaak nie? Miskien het die mediese verslag nie verander nie of jou besigheid het nie verbeter nie en kan jy nie sien hoe dit kan gebeur nie. Moenie jouself beroof van dit wat jy weet dat God vir jou gesê het om te doen nie. As jy gehoorsaam sal die wonderwerk volg. Moenie jou wonderwerk mis deur dit te probeer uitredeneer nie. Geloof maak voorsiening vir die wonderwerk deur getrou te wees en te glo wanneer jy geen teken daarvan sien nie. God sal in jou lewe verskyn soos jy die olie uitgooi.


‘n Gebed vir vandag:

“Dankie Vader dat U die ware en lewende God is en U die wat U eer en gehoorsaam beloon. Dankie dat my gehoorsaamheid nooit U seën kan verdien nie, maar dit kan daarheen lei. Ek glo dat wanneer ek die regte ding doen, U my met guns sal beloon. In Jesus se Naam, Amen.

Baie dankie, diep uit ons harte, vir julle voortdurende ondersteuning vir die Sentrum – die gebede en donasies waarsonder ons nie sal kan voortgaan nie. Elkeen is kosbaar vir ons en ons bid elke dag vir julle behoeftes, volkome genesing en finansies.

Baie liefde

Meg Van Zyl en die Gebedspan



WALKING HUMBLY BEFORE OUR GOD

By Pastor David Gericke

Have you ever walked in the valleys and looked up at the mountain range, or walked through a field of sunflowers, or walked along the beach and seen the vastness of the ocean, or a sunrise over the water, or looked up at a night sky and been overwhelmed by its beauty and endless expanse? And been in awe of how small we are in comparison?

All our pride is swallowed up when we look at God's creation, the work of His hands! "Those who go down to the sea in ships, Who do business on great waters, They see the works of the Lord, And His wonders in the deep." (Ps 107: 23) With this in mind I want to share a Hebrew word with you which is "Anavah", which in English is "humility".

C. S. Lewis said "**True humility is not thinking less of yourself, but thinking of yourself less"**, which is something we need to embrace in this day and age that we live in. With all the social media likes and responses we get back on the things we post, we seem to determine our acceptance and popularity by these numbers! This is not Anavah, (humility), this is building your self esteem on what man has to say, which is fickle and based on emotional feelings. What does God's Word say about this? Isa 57: 14 And one shall say, "Heap it up! Heap it up! Prepare the way, Take the stumbling block out of the way of My people." For thus says the High and Lofty One Who inhabits eternity, whose name is Holy: "I dwell in the high and holy place, with him who has a contrite and humble spirit, To revive the spirit of the humble, and to revive the heart of the contrite ones.

This is talking about Israel and her return to the Lord but we can extrapolate a truth out of this. First it says "Prepare the way" make straight the way or straighten the path! John 1: 23 He said: "I am The voice of one crying in the wilderness: "Make straight the way of the Lord," 'as the prophet Isaiah said." We need to prepare the soil of our heart to receive God's seed, His Word. King David prayed a prayer that we would do well to imitate. Ps 19: 12 Who can understand his errors? Cleanse me from secret faults. This is making "straight the way".

Isaiah goes on to say "Take the stumbling block out of the way of My people", here we are encouraged to remove those things that would cause us to stumble and fall, 2 Cor 6:17 Therefore "Come out from among them and be separate, says the Lord. Do not touch what is unclean, and I will receive you. I will be a Father to you, and you shall be My sons and daughters, says the Lord Almighty." This is where we get the word sanctified from, separating ourselves or set apart for the Lord. When we walk with one foot in the world and one foot in Christianity we will be unstable in our hearts and minds, we will not want to offend anyone and will become lukewarm. The Bible says we can't serve two masters, the flesh will always win! If you take a glass of clean water and a glass of dirty water and mix them together what do you get?… Dirty water! 2 Pet 2:22 They prove the truth of this proverb: "A dog returns to its vomit." And another says, "A washed pig returns to the mud." This is when we allow the sins of the flesh to separate us from our walk and communion with God! James 4: 7 So humble yourselves before God, resist the devil, and he will flee from you. Come close to God, and God will come close to you. Thank You Lord for the Blood of the Lamb that takes away the sins of the world, and reconciles us back to Him!! Rom 5: 10 For if when we were enemies we were reconciled to God through the death of His Son, much more, having been reconciled, we shall be saved by His life. And not only that, but we also rejoice in God through our Lord Jesus Christ, through whom we have now received the reconciliation. The word "contrite" means feeling or showing sorrow and remorse for a wrong that one has done! A Humble spirit is a repentant heart, the one who

has recognized that they have fallen short and have turned 180 degrees!


Col 3: 12 Since God chose you to be the holy people He loves, you must clothe yourselves with tenderhearted mercy, kindness, humility, gentleness, and patience. Make allowance for each other's faults, and forgive anyone who offends you. Remember, the Lord forgave you, so you must forgive others. Above all, clothe yourselves with love, which binds us all together in perfect harmony. And let the peace that comes from Christ rule in your hearts. For as members of one body you are called to live in peace and always be thankful. What is amazing about this scripture is that Paul wrote this very encouraging epistle while under house arrest in Rome! Listen to his heart and the motives of his spirit…. no malice, hate, bitterness, self-pity or condemnation. What he has done, and is encouraging us to do, is to be clothed with Christ! When we are clothed in His love, with His peace ruling in our hearts we will be equipped and steadfast to handle any situation and circumstance. It starts with a humble heart (Anavah). Paul goes on to say "Remind the believers to submit to the government and its officers. They should be obedient, always ready to do what is good. They must not slander anyone and must avoid quarreling. Instead, they should be gentle and show true humility to everyone." (Titus 3:1-2)

Humility is something that needs to grow like a seedling, starting off small, weak and unsteady but over time, as it grows, it becomes stronger and more stable, not shaken nor moved by outside forces! There is a story my wife shared about a caterpillar and a butterfly having a conversation. The caterpillar, looking at the butterfly, says," You have changed" and the butterfly replies "We're supposed to!" This is so true of the Christian, we are supposed to change from an ugly caterpillar to a beautiful butterfly! We are new creations in Christ Jesus.(2 Cor 5:17). People should notice that we are different.

Rom 12: 16 Live in harmony with each other. Don't be too proud to enjoy the company of ordinary people. And don't think you know it all! Never pay back evil with more evil. Do things in such a way that everyone can see you are honorable. Do all that you can to live in peace with everyone.

Unfortunately, there are some believers who have enemies because they lack love and patience, and not because of their faithful witness. There is a big difference between sharing in "the offense of the cross" and being an offensive Christian! (Gal. 5:11; 6:12–15)

As Christians we must walk on a higher level and exercise good over evil. This requires us to be clothed in love. Our first response is to fight back, however, we must trust that God is working His will in our lives and in the lives of those who have hurt us. The only way to overcome evil is with good. If we return evil for evil, we only add fuel to fire. And even if our enemy is not converted, we have still experienced the love of God in our own hearts and have grown in grace. 1 Pet 5: 5 In the same way, you who are younger must accept the authority of the elders. And all of you, dress yourselves in humility as you relate to one another, for "God opposes the proud but gives grace to the humble." "Anavah"



THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE

(Click to view)

‘n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis ‘n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?
Die Vrou na God se Hart
Stap vir Stap
Slaankrag in Lofprysinge
Vanaf Eden tot by die Kruis
Vas en Gebed

Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is ‘n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129